

Skriflesing: Ps 24

Fokusgedeelte: Ps 24:1, 2

Die aarde met almal en alles behoort aan die Here

Inleiding

Wat het jy wat soveel waarde vir jou het, dat jy dit met niemand anders deel nie? Miskien 'n ring, 'n motorvoertuig, 'n geweer, 'n selfoon ...

Politici praat van die herverdeling van grond – dat grond wat ek gekoop het, sonder vergoeding afgevat en vir ander gegee sal word. Sal ons huise daarna in die visier kom?

Ons teks praat oor eiendomsreg. Die digter sing: *Die aarde behoort aan die Here, met alles wat daarop is, die wêreld en alles wat daarop lewe (Ps 24:1)*. Wat beteken dit vir daardie ding wat net joune is? Die boodskap van ons teks is: (1) die Here is Alleeneienaar en (2) Hy stel ons aan as sy bestuurders.

Die Here is Alleeneienaar

Die eerste strofe van hierdie Psalm lui só: *Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here, want Hy het die fundamente daarvan in die see gelê en dit stewig gevestig in die waters (Ps 24:1, 2)*. In Hebreeus begin die eerste strofe met die Naam van die Here. Letterlik staan daar: *Die Here s'n is die aarde en alles daarop, die wêreld en alles wat daarop lewe*. Hierdie verse fokus op die Here, besing sy majesteit en heerlikheid. Hier word met klem verklaar: die Here is die Alleeneienaar van alles en almal.

Waarom sing Dawid hier dat alles en almal die Here s'n is? ... *want Hy het die fundamente daarvan in die see gelê en dit stewig gevestig in die waters (Ps 24:2)*. Hierdie versreëls gaan uit van 'n beeld wat in daardie tyd van die wêreld bestaan het. Dit verskil heeltemal van wat ons danksy die wetenskap vandag oor die wêreld weet. Die aarde word voorgestel as 'n gebou. Soos elke gebou, het die aarde ook fundamente. Die Here het in sy almag die fundamente van die aarde in die see gelê.

Die tweede helfte van Ps 24:2 werk met die gedagte dat die aarde vas staan op pilare wat stewig in die strome geanker is. Hierdie strome kan òf verwys na riviere, òf dit is 'n sinoniem vir die see. Die prentjie wat ons kan voorstel is dié van 'n brug oor 'n rivier. Die brug rus op stewige pilare. 'n Mens sien hoedat 'n vloed kom – uiteindelik oor die brug spoel. Wanneer die water sak, sien ons die aanlope weerskante van die brug is deur die vloed weggevoer. Die brug staan egter vas. Die vloed kon dit nie van daardie pilare af lig nie.

Hoe moet ons die prentjie van ons teks verstaan? Wat sê die Here in Ps 24:2 vir ons wat met wetenskaplike kennis grootgeword het?

Hier word in beeldspraak vir ons gesê: In sy almag het die Here God die heelal **geskep**. Dit wat Hy geskep het, behoort aan Hom. As Skepper het Hy aanspraak op dit wat Hy geskep het. Die Skepper van alles en almal is ook die Heerser oor alles en almal. Almal en alles moet buig voor Hom in sy grootheid, majesteit en heerlikheid.

Die Here het die aarde gemaak. Die aarde met alles en almal daarop, behoort daarom aan Hom. Dit beteken 'n paar goed in die praktyk:

- 'n Mynmaatskappy mag nie waterbronne besoedel nie.
- Al kan 'n politieke party sê die een wat grond besit, het dit gesteel van die inheemse mense en 'n wet maak wat wettige eiendom vervreem, beteken dit nie dit klop met die Here se wil nie.
- Dit wat joune is, so deel van jou as jou selfoon, is eintlik die Here s'n.

Die Here stel ons aan as bestuurders van sy eiendom

Die Here is tog anders as ons. Dit wat aan Hom behoort, klou Hy nie met al sy mag vas nie. Hy deel dit op 'n bepaalde manier met ons. Hy gee dit vir my en jou om dit vir Hom te bestuur. Party van ons kry meer om te bestuur, ander weer minder.

Dit alles het **na twee kante toe implikasies**:

- Ons het die opdrag om dit wat die Here aan ons toevertrou het, so goed moontlik te beveilig. Ons mag nie toelaat dat ander onregmatig beslag daarop lê nie. Die alarm in die huis, die buurtwag wat ons gebied patroleer, is alles pogings om te help keer dat iemand dit wat die Here onder my bestuur gestel het, onregmatig vir homself toeëien.
- Aan die ander kant mag ek van my kant af ook nie poog om dit wat die Here aan my naaste toevertrou het, onregmatig van hom weg te neem nie. Hierop moet ons nader ingaan.

Natuurlik dink jy dadelik: dit is bedoel vir mense wat by ons huise inbreek en ons goed steel; rowers; skakers; bedrieërs; korrupes; mense wat onwettig elektrisiteit gebruik; ...

Dit kom baie nader aan my en jou as wat ons dink. Kyk na jou CD's en DVD's. Het jy elkeen wat jy speel, wettig gekoop? Het jy 'n lisensie vir elke rekenaarprogram en elke flik?

Die inhoud van elke CD of DVD en elke program wat jy gebruik, behoort aan iemand wat 'n gawe van die Here gekry het. Die Here het dit onder sy bestuur gestel. Hy verdien sy inkomste uit die verkope van sy produk. Jy mag dit nie onregmatig vir jouself toeëien nie.

Ook ons moet daarom luister as die Here ook vir ons sê: *As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel (Ef 4:28a)*.

Die Here stel nie iets onder my bestuur, of joune, of iemand anders s'n en laat alles aan ons oor nie. Hy is en bly die groot Eienaar van alles. Hy - en nie ek nie - besluit op watter wyse ek met sy eiendom wat Hy aan my sorg toevertrou, moet omgaan; wat ek daarmee mag doen of nie doen nie.

Die **sentrale gebod van die liefde** moet bepaal hoedat ek die Here se eiendom gebruik:

Ek moet sy wil soek in my hantering van sy eiendom. Ek moet seker maak dat Hy as Alleeneienaar van alles, die erkenning kry wat Hom toekom.

Ek mag nooit my **medemens** uit die oog verloor nie. Ek moet my naaste liefhê soos myself. Ek moet hom steeds liefhê terwyl ek dit wat die Here aan my toevertrou het, bestuur.

- Elkeen wat die Here se eiendom bestuur, moet onder die werking van die Heilige Gees hulle oë oopmaak vir die **nood van mense** rondom hulle. Ek mag nie rustig wees in die wete, dat die Here veel aan my toevertrou het en min aan 'n medemens en besluit dat hy nou maar moet sien en kom klaar nie. Die Here wil juis van my oë gebruik maak wat sy nood raaksien, my voete wat na hom loop en my hande wat vir hom gee wat hy nodig het en wat vir hom goed is.
- In die geleedere van die gemeente van Christus mag ons veral nie toelaat dat 'n medegelowiges gebrek ly nie. Ons moet die nood help verlig – op 'n verantwoordelike wyse. Ons mag nie iemand van die wal af in die sloot help nie.
- Die mynmaatskappy mag nie waterbronne besoedel - dit is mense se drink- en besproeiingswater.

Elkeen van ons het 'n selfoon. Ek moet die gebod om my medemens lief te hê ook nakom in die manier waarop ek my selfoon gebruik.

- Jy stuur partykeer 'n boodskap oor Whatsapp, Instagram of plaas iets of Facebook oor iemand anders. Slaag jou boodskap die toets van liefde?
- Julle sit en kuier saam as gesin. Is jou vingers heelyd op die letters soos jy die een boodskap na die ander stuur, of neem jy deel aan julle gesin se geselstyd? Wys jy jou liefde vir die lede van jou gesin?
- Jy neem 'n foto van iemand wat hom / haar in verleentheid kan stel. Jy druk die knoppie: Is dit “send” of is dit “delete”? Jy sien iemand rand 'n ander aan. Jy neem 'n video. Wat maak jy daarmee? Stel jy dit ot die polisie se beskikking, of nie?

Alles en almal behoort aan die Here. Dit vra van my om dit wat Hy onder my bestuur gestel het, tot sy eer en my medemens se voordeel te bestuur. So erken ons dat ons (soos al die ander mense) en ook alles aan die Here behoort.

Slot

Elke ding wat elkeen van ons het, is deur die Here, die Alleeneienaar daarvan, onder ons bestuur gestel. Ons moet dit wat syne is, hanteer soos Hy wil: dit onder ander se bestuur, sowel as elkeen in ons eie. Ons moet alles tot sy eer en ook tot voordeel van ons medemens gebruik – die na aan ons en ook die ver van ons.

Ons moet bid dat die Gees ons sal lei om só met ons eie en ander se goed om te gaan, dat ons ons plek op die dag van die wederkoms – die dag waarop ons verantwoording doen - sonder vrees voor Hom as die Groot Eienaar en as die regverdige Regter kan inneem.

AMEN